SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA NUUS VIR SONDAG 12 SEPTEMBER 2021

Goeie môre en welkom by die weeklikse nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, gelees deur _____ (jou naam, roepsein en QTH)

Die Suid-Afrikaanse Radioliga saai elke Sondag nuus bulletins in Afrikaans sowel as Engels om 08:15 en 08:30 Sentraal Afrika Tyd onderskeidelik uit op HF sowel as op verskeie BHF- en UHF-herhalers. Hierdie uitsendings word ook via Echolink herlei deur Johan, ZS6JPL. Die oudio bulletins kan afgelaai word vanaf die Liga webwerf by www.sarl.org.za, terwyl die teks bulletins by https://sarlnewsbulletin.wordpress.com/ afgelaai kan word. Om by die Mailchimp bulletin e-poslys aan te sluit, stuur 'n e-pos aan die SARL Sekretaris.

In die nuus vandag:

DIE SARL BHF/UHF DIGITALE KOMPETISIE VOLGENDE NAWEEK

DIE SARL SKAKEL MET OKOSA BY DIE SPEKTRUM OPENBARE VERHOOR

en

AMATEUR RADIO NUUS VANUIT DIE OOS-KAAP

Bly ingeskakel vir meer inligting oor hierdie en ander interessante nuusitems.

Ons begin die Bulletin met die nuus van 'n stil sleutel

Dit is met leedwese dat ons moet aankondig dat die sleutel van Joop Hesp, ZS6JP (ex ZS6AJS, ZS1AJS en ZS6C) op Donderdag 9 September 2021 stil geword het. Joop het in Julie sy 90ste verjaardag gevier. Hy was 'n jarelange lid van die Wesrand Amateurradioklub, 'n voormalige voorsitter en 'n erelid. Joop was dol oor GG en was bekend vir sy GG vaardighede, hy het veral aan Nederlandse GG kompetisies deelgeneem. Ons betuig ons innige meegevoel met sy familie en vriende.

POUSE

Jy luister na nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga.

DIE SARL BHF/UHF DIGITALE KOMPETISIE VOLGENDE NAWEEK

Die tweede been van die SARL BHF/UHF Digitale kompetisie vind plaas van 05:00 tot 11:00 UTC op Saterdag 18 en Sondag 19 September. Elke dag word die kompetisie periode van ses uur verdeel in twee uur op 6 meter, dan twee uur op 2 meter en die laaste twee uur op 70 cm. Alle kontakte moet in twee rigting van punt tot punt wees. Stasies ruil seinverslae sowel as hul volledige ses-syfer Maidenhead ruit verwysing uit. Dien jou logstaat in, dit is beskikbaar op die Kompetisie bladsy van die Liga-webwerf, teen 23:59 SAT op Sondag 26 September na sarlvhfuhfcontest@gmail.com namens die 46 BHF/UHF-groep.

Die logstate van Multi-operateur, klub-stasies en draagbare/veldstasies MOET die name van al die aktiewe operateurs op die opsommings-afdeling van die logstaat verskyn, dit is vir sertifikaat doeleindes. Blaai na bladsye 47 tot 49 van die Blou Boek vir al die reëls. Kyk ook na die Algemene reëls.

DIE SARL WOENSDAG 80 M KLUB NAELLOOP

Die vyfde skof van die SARL Woensdag 80 m Klub Naelloop vind plaas van 17:30 tot 18:30 UTC (19:30 tot 20:30 SAT) op Woensdag 15 September. Die uitruiling is 'n RS- of RST-verslag, die naam van jou klub en jou ruitblok (byvoorbeeld KG30). Dien jou logstaat in voor 23:59 SAT op Maandag 20 September per e-pos na zs4bfn@mweb.co.za. Kry die reëls op bladsy 63 van die Blou Boek.

DIE SARL SKAKEL MET OKOSA BY DIE SPEKTRUM OPENBARE VERHOOR

Die afgelope week het die SARL amateur radio se frekwensie vereistes voorgelê tydens die drie dae lange openbare verhoor oor die Konsep Nasionale Radio Frekwensieplan. Die belangrikste punte van die SARL-aanbieding was oor die 160 meter -band en die weglating van die amateur toewysing in die 40 MHz band. Hans van de Groenendaal, ZS6AKV het OKOSA herinner aan 'n ooreenkoms wat 'n paar jaar gelede aangegaan is om 1 810 - 2 000 kHz aan die amateurdiens toe te ken. Dit is egter nie opgeneem in 'n vorige konsep frekwensieplan waarop die SARL tydens een van die OKOSA/SARL Skakel vergaderings OKOSA aan die ooreenkoms herinner het nie. Die SARL is verseker dat dit reggestel sal word. Die huidige konsep toon slegs 'n amateur toewysing van 1 810 - 1 850 kHz. Tans het radio amateurs in Suid-Afrika nog steeds toegang tot volle 1 810 - 2 000 kHz volgens bylae I van die huidige Radio Frekwensie Regulasies wat op 31 Maart 2015 gepubliseer is.

Die ander belangrike besprekingspunt was die weglating van die 40 MHz-band. Amateur radio het 'n toewysing van 40,675 - 40,685 MHz vir voortplantings navorsing. Die SARL stel voor dat dit moontlik 'n tikfout was en het OKOSA gevra om dit reg te stel. Hoewel dit tans nie in die konsep frekwensieplan is nie, is radio amateurs in Suid-Afrika steeds gelisensieer om die 40 MHz-band te gebruik volgens skedule I van die huidige radioregulasies. In sy voorlegging het ZS6AKV aan die verhoor gesê dat daar tans 'n baken in Polokwane werk en dat daar onlangs interessante berigte van 'n stasie in die Verenigde Koninkryk ontvang is. Met die nuwe sonvlek -siklus is hierdie frekwensie van belang vir sporadiese E- en ander voortplantings metodes. Onlangs het die FCC in die VSA twee amateurs met eksperimentele lisensies uitgereik om voortplantingsstudies uit te voer. Tans is daar gesprekke met die VSA-amateurs om 'n gesamentlike voortplantingsstudie projek te loods. Die groep is ook van belang om meteoor verspreidings studies en die moontlike toepassing van meteoor verspreiding uit te voer om die SARL-volgende generasie bakens te monitor.

Die SARL het aan OKOSA voorgestel om die krag limiet van 1 EIRP op 135,7 tot 137,8 en 472 tot 479 kHz te heroorweeg en 26 dBW toe te laat. Wat die 60 meter-band betref, het die SARL versoek dat die frekwensies 5 350 - 5 450

kHz en 5 290 kHz op die hoof tabel en nie net in die voetnota NF0 (NF-zero), verskyn nie.

Die Voorsitter van die verhoor, Raadslid Peter Zimri het die SARL bedank vir die bondige en duidelike voorlegging. Daar was geen vrae van die paneel of die publiek nie. Dit is nou aan OKOSA om die SARL-voorstel te oorweeg. Die volgende fase is die publikasie van die finale Nasionale Radio Frekwensieplan.

Jy luister na nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga.

KOMPETISIE NUUS

KLUB NUUS

HF VOORTPLANTINGSVOORSPELLING

Nou die Dagboek van Gebeure vir die volgende paar weke:

13 September - die Wesrand ARK vergadering

15 September - die SARL 80 m Woensdag Klub naelloop

15 en 16 September - Yom Kippur

18 September - die Magalies en Highway ARK vergaderings

18 en 19 September - die SARL BHF/UHF Digitale kompetisie

21 September - die PEARS en Grens ARK vergaderings

22 September - die Lente dag en nagewening om 21:21 SAT

24 September - Erfenis- en Nasionale Braaidag; die ZS SOTA Lente aktiwiteits dag en registrasie vir die Oktober RAE sluit

25 September - die CTARS vergadering

25 en 26 September - die CQ WW RTD kompetisie

26 September - die ZS1 Naelloop

28 September - die Secunda ARK vergadering

1 Oktober - die Provinsiale Skole sluit

2 Oktober - die Oos-Randse Snuffelmark

Om die bulletin mee af te sluit, ‘n opsomming van ons hoof berig:

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin.

Die Suid-Afrikaanse Radioliga se nuus diens nooi klubs en individue uit om nuus brokkies van belang vir radio amateurs en kortgolf luisteraars in te dien. Plaas nuus berigte indien moontlik, in beide Engels en Afrikaans op die Suid-Afrikaanse Radioliga webtuiste onder die ’news inbox’ skakel nie later as die Donderdag wat die bulletin datum vooraf gaan nie.

Luister elke Sondag oggend om 10:00 Sentraal Afrika Tyd na "Amateur Radio Today." Daar is herleiding op 7 082 kHz laer syband deur Louis, ZS5LP en verskeie herleidings op BHF en UHF frekwensies regoor Suid-Afrika. 'n Heruitsending aangebied deur Andy ZS6ADY vind op Maandae aande om 19:30 Sentraal Afrika Tyd op 3 620 kHz plaas.

Ons ontvang graag jou sein rapporte, kommentaar en voorstelle, stuur 'n e-pos aan artoday@sarl.org.za.

Jy het geluister na 'n nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, geskryf deur Dennis Green, ZS4BS, geproeflees deur Deon Erwin, ZS1ZL en gelees deur .....

Van die Nuusspan, die beste wense vir die week vorentoe.